# DIE EKONOMIESE EN KULTURELE SELFSTANDIGHEID VAN DIE AFRIKANER

**(Opsomming van 'n rede gehou aan die Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O.)**

Suid-Afrika het in die afgelope tien jaar 'n enorme ontwikkeling deurgemaak. Hierdie ontwikkeling het oor die algemeen groot voorspoed vir die Unie gebring, maar tegelykertyd is 'n aantal probleme geskep wat vir 'n deel altans, by 'n meer sistematiese beplanning vermy kon gewees het.

View metadata, citation and similar papers at core.ac.uk

brought to you by CORE

provided by Koers (E-Journal)

die buitelandse belegger, maar wat nie steeds onverdeeld gunstig vir die Unie was nie. Vir 'n ander deel is die probleme die gevolg van die Unie se nou verbondenheid met sterling en in die algemeen die Unie se té eensydige oriëntering op Groot-Brittanje. Om hierdie rede het ander kapitaalbronne en ander afsetgebiede in die gedrang gekom. Hierdie verhoudinge het histories gegroei, maar dit is daarom nog nie noodsaaklik dat dit steeds so moet bly nie. Van 'n landbou- en mynbouland is die Unie tans besig om 'n industrieland te word, en dit vereis 'n heroriëntering.

„Gouverner c'est prevoir"—om te regeer is om vooruit te sien, sê die Franse spreekwoord en daarom is dit goed om van tyd tot tyd ekonomiese probleme in die objektiewe akademiese sfeer te ontleed.

Ek het by verskillende geleenthede reeds gedurende die afgelope vyf jaar of langer, gewys op die gevare van onbeskermde en ongekontroleerde invoer van kapitaal uit die buiteland. Party mense en ook koerante het daarom wel gesê dat ek teen kapitaalinvoer in elke vorm is. Dit is glad nie die geval nie. En daarom is dit miskien goed om my standpunt in hierdie opsig nog eens duidelik te stel.

Elke jong land het buitelandse kapitaal nodig indien hy nie sy ontwikkeling onnodig wil vertraag nie. Die land moet egter ontwikkel word ooreenkomstig sy eie aard en behoeftes. Daar is verskillende gevare aan ongekontroleerde kapitaalinvoer verbonde:

1. Die ontwikkeling kan *te vinnig* gaan, veral wanneer groot hoeveelhede kapitaal ingevoer word in 'n tyd wanneer daar reeds hoogkonjunktuur heers. Dit kan lei tot allerlei spanninge en knelpunte. Pryse en lone kan tot ongewenste hoogtes opgestoot word. Die openbare dienste, soos spoorweë en elektrisiteitsvoorsiening, kan geen gelyke tred hou nie.

2. Te groot kapitaalinvoer lê groot laste op die betalingsbalans in die vorm van rente- en dividendbetalings. Daar moet gesorg word dat hierdie laste nie te groot word nie en tewens dat die ingevoerde kapitaal gebruik word om sodanige bedrywe op te rig wat deur uitvoer buitelandse betaalmiddels verdien of op die invoer bespaar. Daar moet dus gelet word op die moontlikheid dat die nuwe bedrywe 'n afset in die buiteland het.

3. Deur ongekontroleerde kapitaalinvoer toe te laat is dit moontlik dat bedrywe opgerig word wat wel vir die buitelandse belegger groot dividende oplewer, maar dat industrieë gestig word wat die Unie nie in die eerste plek nodig het nie. Daarenteen behoort die ontwikkeling doelbewus gestuur te word in die rigting wat die land nodig het.

4. Indien die nuwe bedrywe geheel en al beheer word vanuit die buiteland, bestaan die gevaar dat die verkoopspolitiek nie in die eerste plek oor-

eenkomstig die Unie se belang gevoer word nie. Die natuurlike mark vir die Unie vir fabrieksgoedere lê in die res van Afrika. Maar Engeland wens om hierdie mark soveel moontlik vir homself te hou. Dit kan dus nouliks verwag word dat Engeland hier bedrywe gaan oprig wat direk gerig is op 'n verowering van die Afrikaanse markte.

5. 'n Té noue verbondenheid met een bepaalde ander land hou verskillende gevare in op die gebied van die valuta- en rente-politiek, veral wanneer die valuta direk met die ander valuta verbind word.

In geval van 'n devaluasie van sterling byvoorbeeld is daar 'n gevaar dat die Unie sal saamgaan, ook al vereis die toestand in die Unie self nie 'n sodanige stap nie. Dieselfde geld met betrekking tot die rentekoerse. En al sou die Unie nie van plan wees om sterling in geval van 'n devaluasie te volg nie, vir die buitewêreld word die Suid-Afrikaanse valuta maar al te dikwels op een lyn gestel met sterling. *Daarom sou dit goed wees om die selfstandigheid van die Suid-Afrikaanse £ te beklemtoon deur dit 'n ander naam te gee, byvoorbeeld riksdaalder of rand. Die komende desimalisasie bied hiervoor 'n gulde geleentheid.*

6. Noue finansiële bande met een bepaalde land kan kapitaalbeleggers in ander lande afskrik en dit kan op sy beurt ons uitvoermoontlikhede na ander lande nadelig beinvloed.

In hierdie verband kan die vraag gestel word of die Amerikaanse houding ten aansien van 'n verhoging van die goudprys nie meer tegemoetkomend sou wees indien die goudindustrie vir 'n groot deel met Amerikaanse kapitaal sou gefinansier gewees het.

Om aan die bogenoemde gevare soveel moontlik te ontkom moet die kapitaalinvoer nie uitsluitlik oorgelaat word aan die planne van buitelandse beleggers nie, maar moet 'n doelbewuste politiek gevoer word. Daarby moet in die eerste plek die tempo van kapitaalinvoer in die oog gehou word, met die oog sowel op 'n te vinnige ontwikkeling as op die posisie van die betalingsbalans om rente en dividende te betaal.

Verder moet die kapitaalinvoer nie te eensydig wees nie, sodat een bepaalde land nie 'n te groot invloed en kontrole op ons ekonomiese lewe kry nie. Daar moet selfs na gestreef word dat die kontrole van die nuwe ondernemings in die Unie bly, byvoorbeeld deur te bepaal dat minstens 51% van die stemgeregtigde aandele hier gehou word.

Nog beter is dit om buitelandse kapitaal deur middel van lenings of obligasies (bonds) te verkry. Dit gee die buiteland geen kontrole oor ons bedryfslewe nie en die lenings kan terugbetaal word wanneer ons land

daartoe in staat is. By aandelekapitaal hou die buiteland 'n voortdurende kontrole.

Die vraagstuk van buitelandse kapitaal is tans minder aktueel, enersyds omdat daar slegs betreklik min kapitaal ingevoer word en andersyds omdat die besparings binne die Unie so sterk toegeneem het dat hulle vir 'n groot deel in die kapitaalbehoefte van die land kan voorsien.

Daar is egter een belangrike punt wat ek nie mag weglaat nie, anders sou ek eensydig wees. Hoewel Suid-Afrika op die oomblik vir 'n groot deel in sy eie kapitaalbehoeftes kan voorsien, beteken dit nog nie dat die kapitaal ook werklik in bestaande of nuwe bedrywe belê word nie. Daarvoor is inisiatief nodig, en ongelukkig het die bevolking van die Unie in die verlede maar min neiging aan die dag gelê om kapitaal in die bedryfslewe te belê. Dit is bekend dat die boer oor die algemeen sy winste gebruik om nuwe grond te koop (dikwels teen buitensporige pryse) en hy weinig geneë is om sy geld in die bedryfslewe te belê. Hierdie mentaliteit sal moet verander indien ons 'n werklike Suid-Afrikaanse nywerheid wil opbou.

Dit is die taak van ons universiteite en leiers om in hierdie opsig van voorligting te wees vir die hele bevolking. Wanneer die volk meer verstaan van ons ekonomiese probleme sal ons ekonomiese lewe in die regte rigting ontwikkel kan word. Dan sal dit ook makliker vir 'n regering wees om bepaalde maatreëls in die landsbelang te neem, ook al verg dit in die begin sekere offers van die burgers. Daar het tot voor kort in baie groepe van die bevolking 'n groot onkunde bestaan met betrekking tot die fundamentele probleme van ons ekonomie. Dit word tans beter en ek glo dat die universiteite baie daartoe kan bydra om die nodige kennis en insig te verbrei. Dit sluit in 'n kennis van die ekonomiese en politieke verhouding in en met ander lande. Die Unie se denkwyse was te isolasionisties. Baie mense kyk net na die Unie of na die Unie en Engeland, maar ons moet besef dat die Wêreld baie groter is.

H. W. J. WIJNHOLDS.